18.2 RAPPORT 2 – DEPUTATE HISTORIESE SAKE – ALGEMENE TAAKSPAN KERKARGIEF (Artt 134, 306)

18.2 REPORT 2 – DEPUTIES HISTORICAL AFFAIRS – GENERAL TASK TEAM CHURCH ARCHIVE (Arts 134, 306)

A. Die voorsitter stel die Rapport.
The chairman tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 2.2 van die Rapport word verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Point 2.2 of the Report reffered to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 *Algemene Taakspan Argief (ATA) 2017*: Prof DF Muller het in Maart 2017 die jaarlikse byeenkoms van die NGK argivari, by die NGK Argief in Stellenbosch, bygewoon. Behalwe vir die afgevaardigdes van die NGK, was daar ook verteenwoordigers van verskeie ander kerkverbande. Die byeenkoms is o.a. 'n geleentheid waar almal wat 'n belang het by die bewaring van kerkhistoriese materiaal gemeenskaplike probleme en oplossings, en nuus oor die jongste toerusting met mekaar kan deel. Aan die een kant is daar immers 'n wetlike plig om sekere stukke te bewaar. Aan die ander kant wil die kerke graag die materiaal, wat die volle verhaal van hoe die Here oor die jare met en in en deur sy kerk werk, bewaar. Aangesien dit weens praktiese en finansiële redes eenvoudig onmoontlik is om *alles* te bewaar, bly dit voortdurend 'n vraag van *wat* bewaar moet word en wat maar verlore kan gaan. Die feit dat soveel materiaal (bv lidmaatregisters) deesdae elektronies geskep word, en eintlik lewendige dokumente is wat net die jongste stand van sake aandui, bring verdere uitdagings. So ook die feit dat sekere dokumente (bv notules) deesdae net elektronies onderteken word en dat dit nie noodwendig, as dit by daardie punt sou kom, in 'n hof aanvaar sal word nie. Daar is gevolglik ook besluit om DV op 14 en 15 Maart 2018 'n meer	1.1 *General Task Team Archives (GTTA) 2017*: In March 2017, prof DF Muller attended the annual gathering of NGK archivists, which took place at the NGK Archives in Stellenbosch. Besides the representatives of the NGK, there were also delegates of several other church denominations. The event is, among others, an opportunity where everyone who has an interest in the preservation of church-historical material can share common problems and solutions, and news about the latest equipment. On the one hand, there is surely a legal obligation to preserve certain items. On the other hand, the churches want to preserve the material that tells the full story of how the Lord worked with and in and through his church over the years. Due to practical and financial reasons, it is simply impossible to keep *everything*. Therefore, it is always a question of *what* needs to be preserved and what can be discarded. As so many materials (e.g. church membership registers) are now being created electronically, and are actually live documents indicating only the latest state of affairs, it brings further challenges. Similarly, the fact that certain documents (e.g. minutes) are only signed electronically these days means that it will not necessarily be accepted in a court. Consequently, it was decided to host a more formal conference in Stellenbosch DV on 14 and 15 March 2018, and to invite experts (e.g. from the

formele konferensie te Stellenbosch te hou en om kundiges (bv van die Staatsargief in Kaapstad) as sprekers daarheen te nooi. Vanjaar se byeenkoms het in 'n baie goeie gees geskied. Daar was dus ook geleentheid om gesonde bande te bou en te versterk. Weens haar werksdruk kon mev C Huisman ongelukkig nie vanjaar se byeenkoms bywoon nie. **Besluit: Kennis geneem.**	State Archives in Cape Town) as speakers. This year's gathering took place in a very good spirit and there was the opportunity to build and strengthen healthy ties. Due to her workload, Carmie Huisman was unfortunately unable to attend this year's event. **Decision: Noted.**
2. Sake waaroor die Sinode besluit 2.1 Dat die Deputate voortgaan om by ATA in te skakel. **Besluit: Goedgekeur.** 2.2 Dat daar weer begroot word dat die argivaris, mev C Huisman en prof DF Muller die beplande 2018 byeenkoms (en gepaardgaande konferensie) kan bywoon. **Besluit: Goedgekeur.**	**2. Matters that the Synod decide on** 2.1 That the Deputies continue to take part in GTTA. **Decision: Approved.** 2.2 To budget for the archivist, mrs C Huisman and prof DF Muller to attend the planned 2018 gathering (and accompanying conference). **Decision: Approved.**